**Skeiflesing: Markus 10 vers 13 tot 16**
**Tema: Jesus seën kinders**

Kinders is in die Bybelse tyd gesien as besondere seën van die Here. Kinders is geskenke van Hom. Tog het kinders in Jesus se tyd glad nie 'n belangrike posisie beklee nie. Hulle was byna op die heel onderste sport van die leer van belangrikheid. Hulle was net belangriker as slawe. Kinders moes maar op die agtergrond bly. Hulle is gesien en nie gehoor nie. Hulle mag nie inbreek gemaak het op hulle ouers, veral nie hul pappas, se lewens nie.

Nou sien ons dat mense hulle kinders na Jesus toe bring sodat Hy vir hulle moet aanraak. Dit sluit aan by 'n baie ou gebruik. 'n Sterwende pa het sy hande op sy kinders gelê en hulle geseën. Jakob het byvoorbeeld sy seuns geseën. Rabbi's het hulle hande op kinders gelê en die seën van die Here op hulle afgebid. Die rede vir die handoplegging was dat die krag, eer en seën van die pa of rabbi sal oorgaan na die kind. As ouers kindertjies na Jesus toe bring, vra hulle daarmee dat iets van Jesus se krag en liefde , iets van Homself moet oorvloei na hul kindertjies.

Ouers bring hul kinders na Jesus en die dissipels raas met hulle. Die dissipels is nog vas aan die tradisies van hul tyd. Vir die dissipels is kinders te onbelangrik dat Jesus Sy tyd op hulle mors. Jesus is heeltemal te besig. Hy moet met met belangrike dinge en met vername mense in gesagsposisies besig wees. Moet Hom nie met kinders pla nie.
En dan sê en doen Jesus in Markus 10 vers 14 en 16: "[14]Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle."
"[16]Hy het sy arms om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën."

Daar is geen twyfel dat Jesus geen onderskeid maak nie. Hy is baie lief vir vir alle mense, ook vir kinders.

Dit is so maklik om te sê dat ons ook lief is vir kinders, maar hoe lyk hierdie liefde? Liefde is om kinders na die Here toe te bring sodat Hy vir hulle geestelik die hande kan oplê en hulle kan seën. Dit is, in die eerste plek, ouers se Godgegewe opdrag. Ons moet Sy kinders wat Hy aan ons geleen het vir Hom grootmaak. 'n Paar jaar gelede is bevind dat 86% van bekerings voor die ouderdom van 14 jaar gebeur. Dit is die tyd waarin ouers nog 'n belangrike rol in hul kinders se lewens speel. Maar dit is ook oupas en oumas se taak. En daar is 'n voordeel daarin. Navorsing het bewys dat oupas en oumas langer kan leef as hulle kinders oppas. Grootouers, ouer as 70 jaar, wat soms kinders oppas, het 'n 37% laer sterfrisiko as hulle wat dit nie doen nie.

Ons bring kinders na die Here toe deur ons voorbeeld. Die spreekwoord: "Die appel val nie ver van die boom nie", is ook waar van die geestelike voorbeeld wat ouers en ander geestelike volwassenes stel. Ons moet vir ons kinders Bybel lees en hulle moet ons hoor bid.

Ons moet kinders aanraak. Kinders spel liefde, TYD. Ons het baie tyd vir ons kinders. Ons ry hulle rond van plek na plek, maar tyd met met kinders is baie belangriker. Tyd met kinders is om saam te gesels en te lag. Dit is om saam te speel en om aan kinders te raak. As daar iemand was met 'n oorvol program, dan was dit Jesus, maar Hy het tyd gehad om tyd met kinders deur te bring.

Ons moet kinders na Jesus bring, maar ons moet ook iets by kinders leer. Jesus sê in Markus 10 vers
15: "Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie."

Hoe ontvang 'n kindjie die koninkryk?

**1. Soos kinders moet ons onvoorwaardelik glo, vertrou en volg**

Wanneer jy as ouer vir 'n kleiner kind sê om in jou arms te spring, doen hulle dit. Hulle vertrou jou as ouer om hulle te vang. En hulle doen dit nie louwarm nie. Hulle spring onvoorwaardelik, met passie en oorgawe.

Hulle aanvaar ook hulle ouers se leiding. Pa of ma loop voor en dit is genoeg, want pa of ma weet die beste. En daarom volg hulle hul ouers. So moet ons in die Here vertrou en Hom volg.

**2. Soos kinders moet ons in afhanklikheid van die Here leef**

Ek is niks,  God is alles. Ek kan niks, God is die Almagtige wat in beheer is. Ek het niks, alles is by God geleen. Daarom is dit maklik om in geloof aan Hom vas te hou dat Hy my dra. Niks of niemand sal my uit sy arms ruk nie.

**3. Soos kinders moet ons die Here op sS Woord vat en sy beloftes glo**

'n Klein kindjie glo alles wat sy of haar ouers sê. Sy/haar ouers is immers die slimste, sterkste, beste en vinnigste. Wanneer ek as pa vir my klein kinders belowe het dat ons iets gaan doen, was hulle opgewonde. Hulle het geweet ons gaan iets doen, want as pa so sê, is dit so.

Hoor as Here vanoggend by die doop vir ons in Sy Woord verseker: "Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag." (Genesis 17 vers 7)

Moet dan nie twyfel nie, vat jou hemelse Pa op Sy Woord. Vertrou kinderlik op Hom. Wanneer Hy sê dat Hy my God sal wees, dan is dit so.
Glo in die woorde van die lied en leef so: "My Pa is die koning van die heelal jy weet en kom wat wil, ek sal dit nooit vergeet."

**4. Soos kinders moet ons glo in onskuld en eenvoud**
Dit is goed om te gesels en soms selfs te verskil oor geloof. Maar daar is 'n paar sake wat ononderhandelbaar vasstaan.

Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 1, Vraag 2 lui: "Hoeveel dinge moet jy weet om in die troos dat jy altyd aan Jesus Christus behoort, gelukkig te kan lewe en sterwe?"
Die antwoord is: "Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (d)."

Moet geloof nie te ingewikkeld maak nie. Dit is genoeg om te weet.

**Afsluiting**
Die Here se Woord kom vanoggend baie duidelik tot ons elkeen.
Ons moet kinders na Jesus lei. En ons moet by kinders leer om kinderlik te glo.